



KAMMANUUS

Nommer 245

20 Oktober 2008

TOULEIER

Skoen is aan die ander voet!



Hallo julle!

Klaar geland in die sandkant van die kontinent. Moet sê dis darem lekker om weer sommer jou kar te laat lui terwyl jy gou by die kafee vir 'n brood indraf. Weg is daai ewige vrees, daai opsluit en toesluit en wegsteek. 'n rustigheid wat oor 'n mens daal.

Soseer dat ek die kalmste was van ons groepie van vyf wat op die heilige Sondag vir ons medies moes gaan. Sondag is mos Maandag hier, heel deurmekaar. Gelukkig was ek vooraf gewaarsku oor die arrogansie wat hier in Sandland jeens die "ongelowiges" heers.

By die staat se mediese sentrum wemel dit van die uitgewekenes. Die meeste is Filippyne en Indiërs. Iemand het my vertel daar is tussen sestig en tagtig persent buitelanders in Katar.

Almal van ons knegte probeer saamdrom onder die skadunet wat voor die ingang aangebring is. Ons word soos 'n trop skape bymekaar gejaag en op geskree. Staan in rye ses wyd buite die gebou. Dié wat in die son moet staan, word kwaai gebrand. Ek kry weer visies aan daardie eerste *armydae* in Potch, toe ek nog 'n roof was.

'n Lang dag van jaag en wag, jaag en wag. Die manne met die lang wit lakens en die rooi spikkelvadoeke om die kop kyk ons minagtend aan terwyl ons bak-boord en stuurboord onder hul aanwysings besoek. Die man van die regering regeer met 'n ysterhand en hy dirigeer wie waar moet staan en wanneer jy moet staan en wanneer jy kan sit.

Gelukkig ken ou Alie, ons maatskappy-agent, darem 'n paar manne in die binnekring en ons word gou voor in die ry gedruk. Jy voel hoe brand die oë van die res van trop agter jou in jou rug. Nog 'n vetgat wit vel wat voorgetrek word. 'n Mens voel maar sleg, maar wat kan jy doen, jy's 'n vreemdeling in 'n vreemde land. Maak maar soos hulle sê.

Vandag trek ons darem bloed ook, so saam met die X-strale. Binne gekom, gaan staan ek weer in ry wat wag om by 'n klomp vensters honderd rials te betaal vir die eer om ondersoek te word. Terwyl ek betaal, word daar sommer ook 'n foto van my geneem.

Klaar betaal, word ek deur een van Alie se maats uitgekeer en in 'n ander drukgang ingewerk. Weer word ek voor in die ry gedruk. Ek wens ek was so klein soos 'n Filistyn sodat ek net kon verdwyn, maar ai, my *saais* bly my *saais*. Hier brand die kyke darem nie meer so erg in die rug nie, die manne se oë is al dof gewag.

Dan is ek skielik in 'n klein kamertjie saam met nog 'n twintigstuks manne wat kaal bolyf staan. My hemp moet ook uit, beduie 'n lakenman. Ek speel vir tyd. Ek het juis nie vandag my bra aan nie. Dan moet ek maar bes gee en staan pens teen rug saam met die ander manne.

Nog 'n Arabier kom in en druk sy maatjie heel voor in. 'n Man daar voor wat moet terugstaan, se Ierse bloed kook oor. Die manne stry oor basiese maniere en menseregte.

Die knoffelatmosfeer raak nou sommer ook effe elektries. Ek wil eers die man aanraai dat mor niks gaan help nie, maar ek besluit daarteen. 'n Stil bek is in heel een. Ek self is dan al 'n paar keer ingedruk.

Uiteindelik is ons ge-X-straal en gebloei, en in die bussie tob ek oor die hele gedoente.

'n Mens weet nou hoe dit moes voel, daai tyd aan die verkeerde kant van die ou regering. Vandag was die skoene aan die ander voet. My beurt was my beurt.

Hennie Greeff

Katar, Sandkantland



ROELFIE SLAAT RAAK

□ Nuwe teenmisdaadembleem

ROELFIE verstaan die polisie-eenheid wat die suksesvolle Skerpioene moet opvolg — omdat hulle te naby aan die ANC-been gesny het — se stigting is so effens uitgestel.

Die comrades is glo kliphard aan 't soek na mense wat darem so min of meer kan lees as die skrif groot is. Hulle moet ook 'n pen kan vashou en verkieslik self 'n misdaadrekord hê, want dit bewys dat hulle maklik omgekoop sal kan word. Rybewyse is nie belangrik nie, want hulle gaan in elk geval op die soustrein ry.

► **Intussen het hulle darem al 'n embleem gekry wat die Skerpioen sal vervang.**



□ Soustreinverlaters

EN daar loop klim 'n paar ANC-comrades toe regtig en vrywillig van die soustrein af - en dit nogal kamma oor beginsels!

Dis dalk die enigste goeie nalatenskap van Tafelenbedjie, want 'n verswakking van die regerende party is altyd goed vir die demokrasie. Nou nie dat dié ou spulletjie veel van ware demokrasie weet nie, maar darem.

Die verwagting was nog altyd dat, as die ANC skeur, dit die bosluise (lees: Kommuniste en Cosatu) sal wees wat wegskeur. Wat dalk net beteken dat die egte, ware skeuring dalk nog moet plaasvind . . . maar seker nie solank Jakob Stortkop hulle ter wille van homself verdra nie.

► **Interessante tye wag op ons!**

□ Simpel vraag

GOEIE nuus uit die Voos-Kaap gaan altyd met slegte nuus gepaard. Die slegte nuus is dat die huise wat vir die armes gebou word, nie op peil is nie.

Die goeie nuus – en ons sal maar wag en kyk – is dat die behuisingsdepartement 60 van die 140 "geblokkeerde" projekte "oorgeneem" het. Kontrakteurs gaan nou eers betaal word as die huise aan al die vereistes voldoen. Halloooo?

Die vraag bly steeds: Hoe gebéúr sulke dinge dan? Wie staan pa? Wat gaan met daai amptenare gebeur?

► **Toemaar, ons ken mos reeds die antwoorde.**

□ Chaos wen 'n prys

ROELFIE se oge en ore in eThekwi/Khangela/Durban – besluit self – laat weet hy kan nie glo dat sy munisipaliteit as die beste in Duskantland aangewys is nie.

Die vriend wonder wanneer die hansworse wat die prys teogeken het, laas daar was. Daar is nie net 'n massiewe verwarring oor wat die stad se naam nou eintlik is nie, maar daar is geen busse nie, die drywers staak, die vullis word nie verwyder nie want die werkers staak, die straatlige brand nie en die see en die strande is vol poefies – want dis glo al wat die stadsraad kan lewer.

Selfs die posmense is raadop, want iemand het al die straatname verander.

► **Roelfie wil liever nie weet hoe dit in die slegste munisipaliteit gaan nie.**

□ Besem wat 'n mop is

DIE kern waarom Duskantland se probleme draai, is onbevoegdheid en korrupsie in die staatsdiens – soos dat daar tans 'n ondersoek is na 31 000 gevalle van korrupsie met behuisingstoelaes.

Nou is dit ook so dat Jakob Stortkop nog nie 'n woord gesprak het oor hoe hy hierdie probleem gaan oplos nie, en dit is waar sy regering gaan staan of val. Sy mense het immers ook vir dienslewering gestrugle.

Neef Bantu Holomisa van die UDM het dit beter opgesom as wat Roelfie kan hoop om te doen. "Die ANC," het hy gesê, "was die besem wat alles sou skoon vee, maar is net die modderige mop wat die slyk versprei."

► **Só 'n bek moet sommer baie jêm kry.**



KAMMANUUS SE SPESIALE

KRISMIS-AANBOD!

'N UNIEKE, 'AFRICANA' DVD

**Hier is die ideale Kersgeskenk vir jouself
en/of jou vriende wat 'n passie het vir goeie
Afrikaanse Ligte Liedjies!**

'n DVD wat jy nêrens anders te koop sal kry nie!

BLIK EN SNAAR -
die verhaal van ons ligte liedjies

Hierdie sanggroep van Jannie du Toit vertel en illustreer die verhaal van die Afrikaanse liedjie - van die vroegste jare af (Misbank Oor die See) tot by die Johannes Kerkorrel-treffer Hillbrow.

Treffers van mense soos Chris Blignaut, Jan Pohl, Die Briels (ja!), Groep Twee, David Kramer en Anton Goosen word op prettige wyse aan 'n gehoor voorgedra.

Die opnames is in 1990 met 'n gehoor gemaak en op SAUK-TV uitgesaai. Dié DVD is nêrens in die handel beskikbaar nie.

TYDSDUUR: 54 minute

PRYS: R120 posgeld ingesluit.

BESTELLINGS:

Stuur 'n leë epos aan blikensnaar@getresponse.com

Afrikaans maak geld op TV

Plaaslike uitsaaiers – veral die SAUK – probeer meer programme in Afrikaans binne en buite spitskyktyd skeduleer.

Afrikaans se “nuwe” gewildheid is grootliks omdat dit meer advertensiegeld op televisie inbring as ander tale.

SABC2 het pas *Pasella* se uitsaaityd verdubbel weens deurlopende druk oor 'n lang tyd van adverteerders wat juis in hierdie program wil adverteer. Die kanaal trek ook reeds by die tweede seisoen van die dramareeks *Song vir Katryn* wat by kykNET oorgekoop is.

SABC3, die Engelse kommersiële TV-kanaal van die openbare uitsaaier, het vanjaar 'n Afrikaanse nuusbuletin daaglik om 07:00 ingestel en dit vaar puik.

Boonop het die SABC3 van Sondag 5 Oktober af sy gesogtste tydgleuf aan 'n Afrikaanse dramareeks *Dryfsand* afstaan.

“SABC3 is 'n kommersiële TV-kanaal,” het mnr. Gesh Congo, SABC3 se publisiteits hoof, gesê. “Dit gaan oor geldmaak en Afrikaans maak geld. Die meer Afrikaans wat uitgesaai word, het nie soseer met die taalvereistes te doen wat ons moet uitsaai nie, maar met wat die mark wil hê.”

Intussen word daar al hoe meer Afrikaans gepraat op Engelstalige sepies soos SABC3 se *Isidingo* en e.tv se *Rhythm City*.

Heruitsendings van reekse soos *Agter Elke Man* Saterdag op SABC2 het die afgelope twee jaar deurlopend hoër kykysfers behaal as verskeie nuwe programme, wat slegter vaar al wys dit in beter kykgleuwe.

“Afrikaanse kykers is uiters getroue kykers van Afrikaanse programme,” het mnr. Chris Botha, direkteur van die reklame-agentskap The MediaShop, gesê. “7de laan, Noot vir noot, Binnelanders op M-Net, *Pasella* en selfs die Afrikaanse nuus op SABC2 is almal baie waardevolle programme.

Omdat Afrikaanssprekendes getrou en in groot massas kyk, kan 'n uitsaaier soos die SAUK baie meer geld vir reklameflits in hierdie Afrikaanse programme vra. “Een 30 sek. reklameflits in *7de laan* kos R110 000. Gaan kyk hoeveel advertensies daar in 'n *7de laan*-episode is en werk self uit hoe baie geld die SAUK uit geldmaker-programme soos hierdie maak – baie meer as uit ander programme.”

Allegaartjie

Dominee maak 'n fout

DIE gemeente van 'n kusedorp vra 'n afgetrede predikant om een Sondag in die vakansie by hulle te preek. Toe hulle by die kerk kom, sê die predikant vir sy vrou hy het besluit om oor branderplankry te preek.

"Maar jy kan nie!" sê sy. "Jy weet absoluut niks daarvan nie!"

Maar die oud-dominee hou voet by stuk.

"Wel, in daardie geval gaan ek hier in die motor bly sit, want ek wil nie hoor hoe jy 'n gek van jou maak nie," sê sy vrou.

Die dominee gaan toe alleen in, en toe hy die baie jong mense sien, besluit hy om sy voorbereide preek oor branderplankry te los en eerder oor seks in die huwelik te preek.

Ná die preek sê 'n ouderling vir die dominee se vrou dat haar man uitstekend gepreek het, en dat hy seker baie ondervinding van die onderwerp het.

"Kan nie wees nie," sê sy. "Hy het nog net twee keer probeer. Die eerste keer het hy naar geword, en die tweede keer het hy afgeval."

Die blondine in die casino

'n Aantreklike Ierse blondine daag by die casino in Dublin op en wed R50 000 dat sy met 'n enkele rol van die dobbelsteentjies twee sesse sal rol.

"Ek hoop nie julle gee om nie," sê sy, "maar ek voel baie gelukkiger as ek heeltomal nakend is," en begin om haar skamel klere af te stroop. Met dié rol sy die steentjies, en skree: "Kom aan, julle bielies - mamma het nuwe klere nodig!"

Toe die steentjies ophou rol, spring sy op en af en gil: "JA! JA! JA! EK HET GEWEN! HOERA VIR MY!"

Sy omhels die mans rondom die tafel, gryp haar klere en haar R50 000 en vat die pad.

Die ander deelnemers kyk mekaar verstom aan.

Uiteindelik vra een: "Watter nommers het sy gerol?"

"Nee," sê sy maat, " ek weet nie. Ek het gedink jy hou die steentjies dop!"

DIE LES IN DIE STORIE:

Nie alle Iere is simpel nie, en nie alle blondines is dom nie. Maar mans sal altyd mans wees.

'n Paar waarhede oor vroue

● Ek het met Mej. Reg getrou. Ek het nie geweet haar eerste naam is Altyd nie.

● Hoekom sterf mans voor hul vroue?
Omdat hulle wil.

● Wetenskaplikes het die kossoort ontdek wat 'n vrou se geslagsdrif laat afneem. Dit word 'n troukoek genoem.

● Hoekom laat mans meer winde as vroue?

Want vroue kan nie lank genoeg stil bly om genoeg druk op te bou nie.

● Hoe weet jy 'n vrou gaan iets baie slim sê?

Wanneer sy die sin begin met "'n Man het my een keer vertel . . ."



Dié week se giggels

Mans is maar net gelukkiger mense!

Byname

- Wanneer Susan, Bettie en Amelia uitgaan noem hulle mekaar Susan, Bettie en Amelia.
- Wanneer Gert Koos en Jan uitgaan, verwys hulle gemeenskaplik na mekaar as Varknek, Dikkies en Shorty .

Aantrek

- 'n Vrou sal spesiaal aantrek om te gaan inkopies doen, die plante water gee, die telefoon te antwoord, die pos uit te haal en om 'n boek te lees.
- 'n Man trek spesiaal aan vir troues en begrafnisse.

Natuurlikheid

- Mans word wakker en lyk steeds aantreklik.
- Om een of ander rede verlep 'n vrou in die nag.

GOEIE VRAAG!

Die dogtertjie het vir die eerste keer 'n troue bygewoon, en wou weet hoekom die bruid wit dra.

Ma: "Want dis die kleur van vreugde, en dis die gelukkigste dag in haar lewe."

Dogtertjie: "Hoekom dra die bruidegom dan swart?"

DUIWEL

Twee seuntjies stap huis toe nadat hulle in die Sondagskool gehoor het hoe sleg die duiwel is. Vra die een: "Wat dink jy van al hierdie duiwelsgoed?"

"Wel," sê sy maatjie, "jy weet wie Kersvader al die tyd was. Dis waarskynlik sommer net jou pa."



"As jy jou bra met Kleenex wil volstop, moet jy hulle net eers uit die boks haal."

OUMA SE JEUG

Die ouma was besig om haar kleindogtertjie van haar jeug te vertel.

"Ons het in die plaasdam geswem. Daar was 'n swaai wat van tou en 'n ou buiteband gemaak was in die boom voor ons huis. Ons het ons eie ponies gery en wilde bessies in die woud gepluk."

Die dogtertjie het wydoog aan haar lippe gehang, en sê toe: "Sjoe, ouma, ek wens ek het jou toe geken!"

NOG TE KLEIN

Die dogtertjie was besig om te laat waai op haar oupa se rekenaar, en sê vir hom sy is besig om 'n storie te skryf.

"Waarvoor gaan die storie?" vra die oupa. "Ek weet nie," sê sy. "Ek kan nog nie lees nie."

EKSAMENVRAAG

Die polisierekruut word in sy eksamen gevra: "Wat sal jy doen as jy jou eie ma moet arresteer?"

Antwoord: "Ek sal versterkings inroep."

Wat noem jy 'n boemerang wat nie werk nie?
'n Stok.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





MAKERIEPAS!

Die jagspan, die koedoe en die kombi

Deur Medic Johan Conradie

Besluit die klomp offisiere op kamp toe mos daar is 'n geleentheid om sommer bietjie vir 'n naweek weg te breek vir 'n jagtrippie Bosveld toe.

Kaptein Pottie ken 'n maatjie met 'n jagplaas nie te ver van waar ons klomp medics saam met die kanondonkies stelling ingeneem het tydens die drie weke oefening nie. Hulle kon darem nie te blatant AWOL nie en is toe in *civvies* dorp toe, waar hulle 'n kombi by Avis vir die naweek huur. Agt stuks van hulle.

Loetie Spannenberg, 'n vars *eenpipper*, word opgekommandeer vir die bestuur. Saam met die R1's en privaat 222's word daar sommer twee Colemans met die nodige Germaanse bruisdrankies ingepak. Hulle spring ná donker Vrydagaand weg, word vroeg-vroeg gesellig soos die Castle-blikkies se "veiligheidsringe" afgepluk word.

Kaptein Pottie het gewaarsku dat die boer al goed gatvol was van al sy onlangse klomp jagters se gesuipery en gekwestery van sy wild. Hy sou nie nog 'n klomp dronkgatte duld nie, wragtag nie dié jaar weer nie. Dis toe juis hoekom hulle vroeg begin drink het - sodat hulle weer betyds kon ophou en kon uitvars en klaar babbeleer alvorens hulle op die plaas aankom. Vra nou 'n kamper om glad nie te drink nie!

Selfs luitenant Spannenberg word gereeld 'n knertsie gevoer. Soseer dat hy die jong koedoebul te laat sien en hy te stadig reageer weens effe te veel geolie met pramfien. Slaan hulle kom miesies Venter - die hele voorruit uit.

Die Koedoe lyk darem nie te stukkend gery nie en hulle besluit om hom sommer saam met hulle in die kombi te laai. Die manne skuif op en maak plek, sit stywer teen mekaar. Hulle is lankal dik pelle gedrink, en die voete word sommer so bo-op die bok geplaas.

So 'n paar kilometer verder - hulle ry nou veel stadiger weens die voorruit - word die koedoe toe mos wakker. Hy was nooit dood nie, net katswink. Die manne sit te styf teen mekaar om pad te gee en die koedoebulletjie kry net een pad: boontoe.

Die manne moet lelik koes en duik om daai gedraaide horings te ontwyk. Wonder bo wonder kry nie een seer nie en met 'n laaste moerse beurslag slaan die bul albei sy horings deur die kombi se dak. Daar sit hy toe. Eintlik het hy half gehang en half gesit. Toe begin hy maar skop.

Teen dié tyd het Spannenberg darem al die kombi tot halt gekry en die manne peul uit soos valskermsoldate. Majoor Greeff doen sommer 'n Fosbury-flop deur die stukkende voorruit.

Nog nie heeltemal nugter nie, besluit hulle al raad is nou om die bok te skiet. Word daar aangelê van agter af met 'n 222. Eerste skoot heel mis en verwoes die kombi se *dashbord*. Tweede skoot werk darem, maar eindig in die radio nadat hy eers deur die bok is. Daar hang die bok, Dis net bloed in die hele kombi.

Die manne dink al klaar aan wat om vir Avis te verduidelik. Die dranklus kwyn soos die windjie van voor dit al hoe kouer in die kombi maak.

Vroeg die volgende oggend trek hulle die boer se werf binne. Hulle begin stram en styf uitklim. Die sifdeur van die opstal gaan oop, en die boer se mond hang effe oop van verbasing toe hy die verwoeste kombi gade slaan. Dan merk hy die koedoe binne-in. Hy word rooipers in die gesig. Geweer in die hand begin hy skel.

"Klim terug, julle klomp dronk bliksems! Skoert, weg van my plaas af! Ek het julle gewaarsku! Kry julle ry!"

Wat kon hulle doen? Maar net omdraai. Al die pad terug sonder om te jag. Darem een bok geskiet, sommer binne in die kombi, en 'n storie vir die nageslag.

Ons vriende met vlerke

Deur Reinderd Visser



Feëvlieëvanger

Die vlieëvangers [Deel 1]

As jy hierdie reeks tot nou toe gevolg het, sou jy agtergekom het dat elke voël waaroor ons tot nou toe gesels het, hom uitstekend by sy omgewing aangepas het. Die meeste het selfs spesifieke diëte ontwikkel.

Dink aan die saadvreters (mossies, vinke), vrugtevreters (muisvoëls, tiptolle), nektardrinkers (suikerbekkies), en die visarend wat grotendeels vis vang (oor hom gaan ons nog gesels), om maar 'n paar te noem.

Vandag se voëlvriende word nie verniet "vlieëvangers" genoem nie – hulle hou van vlieë en ander vlieënde insekte.

Meer verskillend kan die drie seker nie van mekaar lyk nie, en tog dra hulle dieselfde naam – vlieëvanger. Daar is boonop nog 'n hele paar ander hier by ons, en oor hulle praat ek by 'n volgende keer.

Dis nou al sterk somer. As jy dus gelukkig is, behoort die mooiste een van die drie in die dorp op te merk. Ek praat van die **paradysvlieëvanger** met sy pragtige blou kuifkop, roesbruin lyf en lang stert (terloops, die wyfie s'n is bietjie korter).

Die dorp, veral waar daar baie bome in tuine is, is 'n ideale blyplek vir die pragtige paradysvlieëvangers. Hulle is sku en beweeg gewoonlik vinnig tussen die bome deur terwyl hulle vir insekte jag, maar jy sal nie die dag vergeet wanneer jy hulle die eerste keer sien nie.

'n Hoogtepunt sal wees as jy die klein nessie kan sien wat hulle bou. 'n Mens kan jou beswaarlik indink dat hulle met hul lang sterte daarin pas, maar hulle kry dit reg!

Onthou, die mannetjie help ook die eiers warm sit. En wintertyd verdwyn hulle tot so ver as iewers in Midde-Afrika.

Die gebeur maklik dat 'n mens die **fiskaalvlieëvanger** met die fiskaallaksman (of janfiskaal, soos baie hom ken) verwar. Hulle lyk nogal baie na mekaar, maar die laksman het beslis 'n sterker snawel – amper soos dié van 'n roofvoël – terwyl die vlieëvanger s'n tipies insekvanger is, dun en plat na agter.

Sy gedrag is ook tipies soos baie vlieëvangers – hy sit lank op een plek stil. Sodra hy 'n insek op die grond sien of in die lug sien, sal hy hom agterna sit en vang, en dan weer na dieselfde uitkykpunt terugkeer. Anders as die paradysvlieëvanger, wat tussen bome aktief is, verkies hy om sy kos in die oopte te vang.

Die kleinste van ons drie vlieëvangers van vandag is die **feëvlieëvanger**. Vanweë sy grootte verkies hy struik eerder as bome vir sy jag- en broeiplek, maar jy sal mooi moet kyk om hom te sien. Hy is regtig klein, en die meeste van sy kos is insekte wat binne die struik rondkruip en vlieg. Vra enige voël-entoesias en hy/sy sal sê dat dit een van hul gunstelingvoëls is om dop te hou. Sy grootte, kleure, wipstert en hangvlerkies maak hom 'n regte "ag, cute" voëltjie. Hy verdien die naam feëvlieëvanger.

Terloops, laasgenoemde twee is endemies aan Suidelike Afrika (hulle kom net hier voor). Weet jy dalk waar een van hulle broei? Vertel my gerus, my nommer is 072 9033 707, of e-pos my by reinderd@webmail.co.za.



Fiskaalvlieëvanger



PARADYSVLEËVANGER



Brood vir die Blik

Anna se grondboontjebotterbroodjie

500 ml gesifte meel

10 ml bakpoeier

187 ml grondboontjebotter

187-250 ml melk

125 ml suiker

5 ml sout

1 eier (goed geklits)

Sif die droë bestanddele en die suiker saam. Werk die grondboontjebotter met 'n vurk daarin. Voeg die eier by en meng dit verder met die vurk. Voeg die melk by, meng dit goed en gooi dit in 'n gesmeerde broodpannetjie. Bak dit 50-60 minute lank in 'n matige oond by 180C. Dien op met botter gesmeer.

Hierdie resep kom uit een van Anna Eksteen se groot reeks

e-kookboeke. Gaan besigtig hulle met die volgende skakel:

www.onsdorp.com/kookpunt.html Ook 'n ideale en bekostigbare geskenk!



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

Badenhorst

lekker@lekkerbly.co.za

Was jou oupa/ouma/oupagrootjie/oumagrootjie dalk een van die volgende Badenhorst broers en susters?

1. Jan Hendrik 23.2.1892 -9.11.1973 getroud met Johanna Liebenberg.
2. Andries Petrus geb 16 mei 1894.
3. E vina Catharina geb 1 jan 1896 getroud met AP du Toit.
4. Martha Maria Myburgh geb 25 nov 1904 getroud met Van Wyk.
5. Andries Petrus Smit geb 11 jul 1899.
6. Anna Anderson Cartwright geb 1 des 1901, getroud met Pretorius.

Breytenbach

breyt@iafrica.com

My voorouers het in die Morgenzon-omgewing geboer en later verhuis na Ermelo. Sover ek weet het my pa nog twee broer en twee susters gehad, is niesekeer van hul name nie. Weet iemand dalk meer van lyn in die Breytenbachs?

Engelbrecht

finetuner@absamail.co.za

My oupa se naam was Jacobus Jeremiah, my ouma Alleeta Sofia
My pa Se naam was ook Jacobus Jeremiah.

Maré

tbone@isales.co.za

Was van Oos-Kaap afkomstig, daar was 'n landdros Maré, is later saam met Piet Retief Natal toe. Hy het in die Slag van Bloedrivier geveg en een van hulle is getroud met 'n dogter van Jan Thomas Martens snr., of sy seun se dogter wat ook in die slag betrokke was

Stander

jj.stander@gmail.com

Heinrich Stander het in 1747 van Bremen af in die Kaap arriveer. Ek benodig inligting aangaande sy ouers. Van waar is hulle of hulle ouers oorspronklik?

'n Kameelperd gesels met 'n muis. "Dis te heerlik om so lang nek te hê. Ek geniet elke happie die heelpad maag toe. en in die somer is dit so verfrissend om ietsie koud te drink. Die koel vog verkwik my hele lyf terwyl dit in my keel afvloei."

Die muis kyk hom geïrriteerd aan en vra: "Het jy al ooit opgegooi?"



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

☐ Goedkoop kuiertjie in Sjina

Lieb en Mies Liebenberg, Sjina:

Ons het die afgelope week vakansie gehad en ons pelle van Qingdao sou kom kuier het, maar hulle het toe self gaste gekry.

Ons is toe maar met ons fietse uit op die grootpad en wou gaan kyk hoe die Lughawe-gebou lyk. Omdat ons nie Chinees kan lees nie, het die 8 km uitstappie kort duskant die 20 km merk gedraai. Ons weet net vir seker: Ou boude is nie gemaak vir sulke lang afstande nie! Ons gaan sit nou nog baie versigtig!

Na die terugtog is ons na 'n restaurant toe saam met studente en ons het toe 'n heerlike middagete gehad. Toe ons buite kom en ek op my fiets wou klim, lig ek nie my been hoog genoeg oor nie en slaat net daar voor die restaurant in die straat neer. In 'n poging om myself nie te beseer nie, trap-loop ek oor die fiets en trap op die agterwiel se speke.

Nodeloos om te sê maar my 102 kg buig toe van die speke! Die fietsherstelplek is gelukkig twintig tree van die eetplek en ek wys die ou die skade. Hy beduie toe dat hy geweeet het so-iets sou gebeur want ek is heeltemal te dik en vet vir 'n fiets! Praat van diplomaties...

Hy het dit reggemaak deur die speke reg te buig en die wielvelling weer te balanseer. Hy wou nie geld hê nie en ek het oplaas R10 in sy sak gestee. Hy het dit baie teësinig gevat. Hy het al voorheen aan my fiets gewerk en wou geen geld hê nie, ons dink dit is goeie advertensie vir hom as hy aan ons fietse werk.

Ons wou weggaan en Saterdagoggend is ons eers na die treinstasie om kaartjies te probeer koop na 'n naburige stad toe. Al die kaartjies was uitverkoop! Toe stap ons maar na die busstasie en kry toe kaartjies.

Dit is so twee ure van ons stad af en dit is baie meer plattelands. Die eerste hotel waar ons vir verblyf vra, het toe vir ons 'n kamer en die prys per nag vir twee persone: R100. Ons kon dit nie glo nie. Die hotelkamer het selfs 'n bad in gehad! Snaaks hoeveel goedkoper die minder bekende stede is.

Ons is vanoggend weer daar weg (Sondag) en het weer veilig hier aangekom. Die paaie bly egter 'n nagmerrie met voetgangers, battery-aangedrewe motorfietse, 'pedi-cabs' en fietse wat net ry soos hulle wil.

Die busbestuurder lê pal op die toeter maar NIEMAND steur hulle daaraan nie. Niemand kyk ooit links of regs nie en draai net in op hoofpaaie waar en wanneer hulle wil.

Ons het gehoor die sterftesyfer op hulle paaie is hoog, maar dit is geen wonder nie want elkeen doen net wat hy of sy wil.

(Hier in Duskantland gaan dit nie veel beter nie, hoor! - Hennie.)

Sê gou koebaai!

Die dogtertjie kan nooit stilsit in die kerk nie. Die ma besluit toe sy moet iets kry om haar mee besig te hou sodat sy kan stilsit, en koop 'n pakkie jellybabies. Daar heers doodse stilte in die kerk, want die kind is hard besig met haar lekkers.

Sy pak al die jellybabies op haar ma se been uit, en eet hulle een vir een van haar ma se been af. Toe sy by die laaste een kom, is dit 'n swart jellybaby. Sy hou hom na haar ma se gesig toe voordat sy hom in haar mond druk, en sê kliphard: "Sê koebaai vir die oumiesies!"

AGTEROS

My matras en jou kombers

Deur ANNELIE BOTES

**"Dan maar deurdruk, hoe gallerig ook al.
Solank niemand ontdek wat agter die
gordynvoerings aangaan nie."**

Ná die seisoen van konfetti en trou-albums en katelbreektyd ontwaak 'n nuwe seisoen in die grootste gros huwelike. Dis die tyd wanneer kinders inbars en alles omgedolwe word. Geld, tyd en rus is min.

Vurige twiste en noord-suid-opinies is volop. Wat eens lekker geruik het, word 'n stank. Wat mooi was, word afskuwelik. Wat slim geklink het, word betערweterigheid. Soetlemoene verander in bitterappeltjies.

Dan, so 20 of wat jaar ná die konfetti-dag, wanneer die kuikens hoenders word en in hul eie weiland begin skrop, daag 'n ander seisoen op. Jeuktyd, kraptyd, byttyd, skaaflyd. Dis dan wanneer die huweliksbed se voë begin meegee en die wikelende konstellasië dreig om vloer toe te tuimel.

Ná jare van geldstryd en kinders grootsukkel, sit die eens uitspattig gelukkige huwelikspaar met mekaar opgeskeep. Byna vreemdelinge. Of vyande. Buitentoe lyk alles wel. Almal glo dit gaan góed met ons. ("Ons" is 'n versamelnaam vir wie ook al aan die versameling wil behoort).



ONS hét alles en ons lag en kuier, sing kerkkoor, stap met die hond, hou vakansie, koop saam-saam kruideniersware. Oënskynlik die perfekte verbintenis.

Maar agter die voordeur, waar niemand sien of hoor nie, staan die pitsweer 'n goude punt. Barstens gelade met sarkasme, sinisme, ondankbaarheid, erbarmloosheid, humorloosheid. Ons is altyd gereed om te verskil en te beskuldig; te pik en te amputeer. Ysstiltes en 'n vrot atmosfeer is aan die orde van die dag.

En daar hang ons in die slagyster. Skei kan ons nie, want dis 'n geval van my kombers en jou matras en daar lê die ding.

'n Huweliksberader wíl ons nie, want niemand het energie vir 'n ellélange dermuitygery nie. Dan maar deurdruk, hoe gallerig ook al. Solank niemand ontdek wat agter die gordynvoerings aangaan nie.

Om te kompenseer vir die yskaslewe, pak ons allerhande vernietigende handvuurtjies aan vir hitte. Affairs, drank, pille, pornografie, koopsiekte, vreesiekte, verenigings, oorgodsdienstigheid, werkholisme. Noem maar op.

Ek en die ou gryse het al deur baie driewe geswem. Enkeldiepte, borsdiepte, en soms watergetrap. Dat ons mekaar nie jakkalsgif ingegee het nie, bly 'n mirakel.



EN toe, tydens een van ons doodbliksem-gevegte, kom ons op die kwessie sowel as die oplossing af. Ek sê nie dit sal vir almal werk nie, maar vir ons het dit.

Die kwessie: Spasie. In sy wese bly die mens 'n eenling. Hy wil 'n sirkel om hom kan trek; 'n spasie waaroor hy, en hy alleen, baasskap het. En die huwelik het 'n rare manier om die mens sy eenlingskap te ontnem.

Dis 'n cliché om te sê die huwelik is 'n eenwording van twee mense. Want twee mense kan nooit één word as elke eenling nie 'n heel mens op sy eie is nie. En as die mens van sy spasie beroof word, raak hy soos 'n hondsdol hond wat alles byt.

Die oplossing: spasie. Só baklei ek en die ou gryskop doerie tyd amper tot by die bottel jakkalsgif. Uit beboosheid trek hy met klere, boeke, lessenaar en *spanners* na die spaarkamer op die boonste verdieping.

En dáár bly hy vandag nog. Wat destyds 'n ek-bliksem-jou- somer-dood-aksie was, het geblyk die antwoord te wees.

Sy kamer is syne. My kamer is myne. Hy kan snork en poep en televisie kyk wanneer hy wil. Ek kan snags my bedliggie aansit en slaapkouse brei as iets my ry. Ek kan dwars oor die bed slaap, en hy kan besluit hoeveel komberse hy oor hom wil hê.

Niemand besweet niemand, en daar is nooit 'n nagtelike gestry nie. En dis salig om uitgerus wakker te word sonder 'n kiere teen jou rug. Of sonder 'n redeloos beneukte vrou langs jou.

Die saligste bly die op- en afsluipery met die trap. Soos outydse *court*. Sondagmiddag gaan lê ek in sy arm. Of ek skrik middelnag wakker as hy fluistervra of hy agter my rug kan lê, want hy verlang na my.

Om boontoe te SMS dat ek my man in my kooi soek, of om sy brekfis trapop te dra en te gaan sê hy's my koning.

Nou se dae kan nie ek óf hy onthou waar ons die jakkalsgif gebêre het nie. Want ek het my kombers en hy het sy matras. En nêrens lê 'n ding nie.

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 3 NOVEMBER